# Afrikaans

## WEEK 2
## DONDERDAG

## Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# WEEK 2: 27 April - 1 Mei 2020

## Afrikaans: Tema Oseane (Platinum Handboek p. 61-70)

# Idioom (p.62)

**Leer die idioom en sy betekenis en skryf dit 3 keer uit.**

Idioom: Daar sal nog baie water in die see loop.
Betekenis: Nog baie dinge sal moet gebeur.

# SPEL

**<u>Soek die volgende woorde se betekenis op in ‘n woordeboek of google dit. Skryf die woord 5 keer uit en maak ‘n goeie sin met die woord.</u>**

7) tsoenami
8) aardbewings
9) aardskudding
10) vuurtorings

# SINSUITBREIDING (p. 67)

Taalleer

Die tsoenami-golwe het die dorp verswelg.

➔ **Sinsuitbreiding:**
Enkelvoudige sinne kan met behulp van **byvoeglike** en **bywoordelike bepalings** uitgebrei word.

**Voorbeeld:**
Die dodelike (byvoeglike bepaling) tsoenami-golwe verswelg die dorp in sekondes (bywoordelike bepaling).

➔ **Saamgestelde sinne:**
Enkelvoudige sinne kan tot 'n **saamgestelde sin** uitgebrei word deur nog gesegdes by te voeg. **Voegwoorde** word gebruik om die sinne saam te voeg.

**Voorbeeld:**
Die tsoenami-golwe het die dorp verswelg sodat alles weggespoel het.

Saamgestelde sinne het twee of meer gesegdes.

**Voorbeelde:**
Geen daklose **het gekla** terwyl hulle in ordelike rye **gewag het** nie.
Die Japannese **het bewys** hulle kan na rampe weer **opstaan**.

## TAALFOKUS: ENKELVOUDIGE SINNE

### Byvoeglike bepaling

'n Enkelvoudige sin kan uitgebrei word deur die selfstandige naamwoord te beskryf. Omdat 'n byvoeglike naamwoord gebruik word, word hierdie uitbreidings 'n byvoeglike bepaling genoem, bv.:

➔ Sing. (bevelsin)
➔ Die meisie sing. (onderwerp is bygevoeg)
➔ Die meisie sing 'n lied. (voorwerp is bygevoeg)
➔ Die pragtige, blonde meisie sing 'n lied. (byvoeglike bepaling is bygevoeg)
➔ Die pragtige, blonde meisie sing 'n kort, vrolike lied. (byvoeglike bepaling is bygevoeg)

### Bywoordelike bepaling

## AKTIWITEIT: ENKELVOUDIGE SINNE

Skryf die sinne hierna in jou werkboek oor, maar brei al hierdie sinne uit deur die selfstandige naamwoorde uit te brei. Onthou om nie nog ‘n werkwoord by te voeg nie, want dan is dit nie meer ‘n enkelvoudige sin nie.

Ons kan inligting op die internet vinnig opspoor. Hier is ‘n paar wenke. Weet wat jy soek. Tik die sleutelwoord in. Kyk na die soekresultate. Gebruik Wiskunde vir resultate. Geen tyd word gemors nie.

## AKTIWITEIT: SAAMGESTELDE SINNE

Voeg hierdie enkelvoudige sinne saam om Saamgestelde sinne te maak.

1. Santjie skil die vrugte af. Santjie wil vrugteskommel maak. (want)

2. Santjie voeg suiker by. Santjie meng die vrugte. (nadat)

# ANTWOORDE

**Antwoorde: Saamgestelde sinne**

1) Ons kan **goeie** inligting op die **wêreldwye** internet vinnig opspoor. Hier is 'n **paar, goeie** wenke. Weet watter **interessante** artikels jy soek. Tik die **belangrike** sleutelwoorde in. Kyk na die **vinnige** soekresultate. Gebruik **moeilike** Wiskunde vir **geslaagde** resultate. Geen **kosbare** tyd word gemors nie.

2) 1. Santjie skil die vrugte af, want sy wil vrugteskommel maak.

2. Santjie voeg suiker by nadat sy die vrugte meng.

# Lees

## Lees die gedig rustig deur.

Lees die gedig nou hardop, vlot en spreek die woorde korrek uit.

Speel ‘n bietjie toneel en praat met verskillende stemme vir die verskillende karakters.



**Die Vis**

Ek is ’n wilde woeste **haai**
wat jakker in ’n **vreemde baai**.
Ek flits deur die water diep en blou
om snoek te vang en **kabeljou**.

O, ek is ’n woeste vis,
Hul koes maar as ek honger is,
Hul’s bang vir my; ek swem so gou.
Ek spoor hul op en vreet hul **rou**.

Ek **dartel** oral heen en weer,
die **branders** slinger op en neer.
Hul breek in **skuim**, ek duik weer in,
bo sien hul net my skerpe **vin**.

Nou gly ek oor die diep **seesand**;
maar ag, daar’s Ma weer buitekant!
“Spat jy al weer die vloere nat?
Karools, klim dadelik uit die bad!”